**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**(Derde Vraestel)**

# MEMORANDUM

---

## LEERUITKOMS 3: SKRYF EN AANBIED

■ **ALGEMEEN**

1. Gebruik die rubrieke in die assesseringsriglyne.

Bylaag A: Vraag1 – Opstel
Bylaag B: Vraag 2.1 – Verslag
Vraag 2.2 – Dialoog
Vraag 2.3 – Brosjure
Vraag 2.4 – Resensie
Bylaag C: Vraag 3.1 – Dagboekinskrywing
Vraag 3.2 – Instruksies
Vraag 3.3 – Poskaart

2. Indien ŉ skryfstuk **enigsins uit die vraestel saamgeflans** word of dele van opdragte uit die vraestel net so oorgeskryf word, sal die skryfstuk nie logies opeenvolg nie en die leerder ontvang dan **geen punte nie**. Kommentaar sal wees: **Nie eie werk nie/Saamgeflans**.

■ **SIMBOLE/TEKENS BY DIE NASIEN**

Die volgende simbole/tekens behoort gebruik te word.

| VERDUIDELIKING | SIMBOOL | BESKRYWING |
|---|---|---|
| Woordorde | **( . . . )** | Hakies |
| Taalfout | ______ | Onderstreep die fout |
| Spelfout | **=** | Kort dubbelstreep onder ŉ woord |
| Woordkeuse | **/** | Haal met ŉ streep deur |
| Woorde uit ŉ ander taal | **E/X/Z** | Die letter bo-aan die woord |
| Tydfoute | **T** (in die kantlyn) | Hoofletter ***T*** |
| Woord(e) weggelaat | **^** | Weglaatteken |
| Paragraafindeling | **//** | Dubbel-skuinsstreep |
| Herhaling | **hh** (in die kantlyn) | Dubbele ***hh*** |
| Onduidelik/onverstaanbaar | ∫ (in die kantlyn) | Kronkelstreep |
| Saamgeflans uit vraestel | **Vr** (in die kantlyn) | Hoofletter **V** kleinletter **r** |
| Punktuasie | **O** | ŉ Sirkel |

■ **NEERSKRYF VAN PUNTE**

1. Gebruik die korrekte rubriek vir elke tipe skryfstuk.
2. Assesseer die kandidaat se skryfstuk volgens die kriteria vir elkeen van die drie rubrieke na aanleiding van die **sewe kodes**.
3. Skryf die punte soos volg neer:

| AFDELING A | | AFDELING B | | AFDELING C | |
|---|---|---|---|---|---|
| **I** | 32 | **I** | 20 | **I** | 13 |
| **T** | 12 | **T** | 10 | **T** | 07 |
| **S** | 06 | | | | |
| **TOTAAL: 50** | | **TOTAAL: 30** | | **TOTAAL: 20** | |

■ AFDELING A: **OPSTELTIPES**

**VERHALENDE OPSTEL**

- Dis ŉ interessante vertelling van ŉ storie/gebeurtenis(se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

- Die inleiding moet treffend wees.
- Dit het ŉ sterk storielyn.
- Uitbeelding van karakter(s) is geloofwaardig waar van toepassing.
- Die leser se belangstelling moet deurgaans behou word.
- Sintuiglike ervaring word meegedeel – sig, klank, smaak, reuk en voel.
- ŉ Treffende/buitengewone slot rond dit finaal af.

**BESKRYWENDE OPSTEL**

- Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

- Die inleiding moet treffend wees.
- Dit kan enige atmosfeer hê, maar kan ook saaklik wees.
- Behoort ŉ prentjie met woorde te teken.
- Gebruik interessante en beskrywende woorde.
- Woorde en uitdrukkings moet versigtig gekies word om die gewenste effek te kry.
- Gebruik sintuiglike waarnemings: soos jy dit sien, hoor, voel, ruik en proe.
- Gebruik idiome, idiomatiese uitdrukkings en/of spreekwoorde op ŉ oorspronklike manier.
- ŉ Treffende/buitengewone slot rond dit finaal af.

## BEREDENERENDE OPSTEL

- Dis objektief en probeer om ŉ gebalanseerde gesigspunt van beide kante van ŉ argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot ŉ spesifieke gevolgtrekking kom aan die einde van die opstel, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik ontleed wees in die ontwikkeling van die opstel.

- Die skrywer moet beide kante van die argument verstaan en daaroor op ŉ onpartydige en goed ingeligte manier kommentaar lewer.
- Die styl is duidelik, rasioneel en objektief – kalm, weldeurdagte en goed ondersteunende stellings moet gemaak word.
- Die toon is onemosioneel en oortuigend, maar nie neerhalend nie.
- Die skrywer mag aan die einde ŉ aanduiding gee van sy/haar gesigspunt, maar dit mag slegs in die slot wees.

## BESPIEGELENDE OPSTEL

- Die skrywer oorweeg/deurdink ŉ idee/lewenswaarheid en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer. Bespiegel oor ŉ droom of aspirasies.

- Is subjektief.
- Gevoelens en emosies speel ŉ baie belangrike rol.
- ŉ Groot gedeelte van die opstel mag beskrywend wees – beskrywings is lewendig.
- Gedagtes/idees/gevoelens wat uitgedruk word, behoort opreg te wees en persoonlike betrokkenheid te toon.
- Daar moet gefilosofeer/gedroom/gehoop/vrae oor lewensaspekte gestel word.

## ARGUMENTERENDE/BETOGENDE OPSTEL

- Die skrywer het ŉ spesifieke mening/opinie en argumenteer daaroor om sy/haar standpunt te motiveer. Die skrywer se mening moet deurgaans duidelik wees.
- Dit is ŉ subjektiewe opstel waarin die skrywer probeer om die leser te oortuig om sy/haar gesigspunt te deel.

- Kan subjektief wees en definitiewe opinies moet gestel word.
- Begin deur jou eie mening te gee op ŉ baie oorspronklike en treffende manier.
- Gee ŉ reeks argumente om jou opinie/gesigspunt te steun en motiveer dit.
- Die skrywer konsentreer op argumente vir/teen ŉ standpunt – die teenoorgestelde mening kan genoem word om meer steun aan die eie mening te gee.
- ŉ Verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke kan gebruik word.
- Sterk gevoelstaal wat emosioneel kan wees, kan gebruik word, maar mag nie kru wees nie.
- Die slot is ŉ sterk, duidelike en oortuigende stelling wat die skrywer se gesigspunt staaf.

**VERKLARENDE/VERDUIDELIKENDE OPSTEL**

- Die skrywer stel feite wat aan hom bekend is op ŉ saaklike manier. Sinvolle argumente sal tot logiese gevolgtrekkings lei.

- Is meestal objektief.
- Die inleidende paragraaf vertel direk waaroor die skryfstuk gaan.
- In die liggaam sal die paragrawe die argumente/feite duidelik afbaken.
- In die slotparagraaf kom die skrywer tot ŉ gevolgtrekking wat op die feite en argumente berus.

■ **ONTLEDING VAN MOONTLIKE OPSTELTIPES PER VRAAG**

- Die vrae is só geformuleer en die prente só gekies dat ŉ persoonlike inkleding van die gekose onderwerp/prent van die kandidaat verwag word.
- Die opstel wat geproduseer word, kan dus **enige een van die ses tipes opstelle wees** soos hierbo uiteengesit. Verskillende kognitiewe vlakke, onderliggend aan die NKV word dus hier in ag geneem.

| VR | VERH. | D | BESKR. | D | BERED. | D | BESP. | D | ARG. | D | VERKL. | D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **1.1** | ✓ | **1** | ✓ | **1** | ✓ | **2** | ✓ | **2** | ✓ | **2** | ✓ | **1** |
| **1.2** | ✓ | **3** | ✓ | **3** | ✓ | **3** | ✓ | **3** | ✓ | **3** | ✓ | **3** |
| **1.3** | ✓ | **2** | ✓ | **2** | ✓ | **3** | ✓ | **3** | ✓ | **3** | ✓ | **2** |
| **1.4** | ✓ | **1** | ✓ | **1** | ✓ | **3** | ✓ | **3** | ✓ | **3** | ✓ | **2** |
| **1.5** | ✓ | **3** | ✓ | **3** | ✓ | **3** | ✓ | **3** | ✓ | **3** | ✓ | **3** |
| **1.6.1** | ✓ | **2** | ✓ | **2** | ✓ | **3** | ✓ | **3** | ✓ | **3** | ✓ | **2** |
| **1.6.2** | ✓ | **2** | ✓ | **2** | | | | | | | ✓ | **2** |
| **1.6.3** | ✓ | **2** | ✓ | **2** | ✓ | **3** | ✓ | **3** | ✓ | **3** | ✓ | **2** |

■ **ASSESSERING VAN MOEILIKHEIDSGRAAD VAN SKRYFWERK**

Verwys na **Opsomming van vrae in Vraestel 3: Voorbereidende eksamen 2009** (bl. 9).

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## ■ AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2.1: VERSLAG

- Die kandidaat was **'n ooggetuie** van 'n bergklimongeluk. 'n Informele verslag oor die ongeluk word geskryf om te vertel wat hy/sy sien gebeur het.

**FORMAAT**
- Die verslag behoort 'n opskrif te hê.
- Die verslag is informeel en in 'n verteltrant geskryf.
- Die inligting word saaklik en logies uiteengesit.
- Die kandidaat gee 'n eie objektiewe uiteensetting van die kerngebeure.
- Redes vir die ongeluk kan ook gegee word.

### VRAAG 2.2: DIALOOG

- Die spreekbeurte volg op mekaar om 'n aaneenlopende gesprek te vorm.
- Word geskryf in 'n geselstrant: skryf soos hy/sy praat.

**FORMAAT**
- Die name van die sprekers is netjies onder mekaar neergeskryf.
- Na elke naam is 'n dubbelpunt, maar geen aanhalingstekens word gebruik nie.
- Laat 'n reël tussen elke spreekbeurt oop.
- Die spreekbeurte is in blokvorm.

### VRAAG 2.3: BROSJURE

- Die teks gee vir die leser belangrike inligting.
- Die teks en uiteensetting van inligting is logies en samehangend.
- Die taalgebruik en styl pas by die gedagte van inligting verskaf/oordra.

**FORMAAT**
- Die uiteensetting trek die leser se aandag.
- Die uiteensetting is oorwegend in korter paragrafies wat die aandag trek.
- Die paragrafies kan opskriffies hê.

### VRAAG 2.4: RESENSIE

- Dit gee ŉ eerlike weergawe van die skrywer se gevoel oor die boek.
- Die register en styl pas by die teikenmark van die boek.
- Die positiewe en negatiewe aspekte van die boek moet bespreek word.
- Elke nuwe aspek van die resensie word in ŉ nuwe paragraaf bespreek.

**FORMAAT**
- Die uiteensetting is oorwegend in korter paragrawe wat die aandag trek.

## ■ ONTLEDING VAN LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Die vrae is só geformuleer dat ŉ persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die kandidaat verwag word. Verskillende kognitiewe vlakke, onderliggend aan die NKV, word hier in ag geneem.

| VRAAG | SOORT SKRYFSTUK | DENKVLAK |
|---|---|---|
| **2.1** | **Verslag** | **3** |
| **2.2** | **Dialoog** | **2** |
| **2.3** | **Pamflet** | **3** |
| **2.4** | **Resensie** | **2** |

## ■ ASSESSERING VAN MOEILIKHEIDSGRAAD VAN SKRYFWERK

Verwys na **Opsomming van vrae in Vraestel 3: Voorbereidende eksamen 2009** (bl. 9).

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## ■ AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE

### VRAAG 3.1: DAGBOEKINSKRYWING

- Dit dra inligting van ŉ persoonlike aard/uit eie ervaring aan die leser oor.
- Die inligting is baie subjektief, opreg en eerlik weergegee.
- Persoonlike gevoelens oor die matriekafskeid, word gegee.

**FORMAAT**
- Daar is dae en datums/slegs ŉ datum vir wanneer die dagboekinskrywings gemaak is: dit moet drie dae wees.
- Paragrawe is opsioneel.
- Die dagboekinskrywing word gepas ingelei en afgesluit: hoef nie met "Liewe Dagboek" te begin nie.

**VRAAG 3.2: INSTRUKSIES**

- Dit dra inligting op ŉ duidelike, logiese, saaklike en op die man af wyse oor aan die leser.
- Instruksies gee (genoegsame) leiding.
- Dit kan ŉ opskrif hê.
- Sinne word kort en kragtig sonder omhaal van woorde geformuleer.

**FORMAAT**

- Die uiteensetting trek die aandag omdat dit so kort gestel is.
- Die kandidaat skryf wat iemand moet doen – sinne behoort met ŉ werkwoord te begin.
- Die uiteensetting is gewoonlik puntsgewys: genommer/reëls oopgelaat/ander aanduiders gebruik.

**VRAAG 3.2: POSKAART**

- Die boodskap is kort en bondig sonder om uit te brei.

**FORMAAT**

- Skryf die boodskap/nuus in die linkerhelfte van die poskaart.
- Daar is geen eie adres nie, maar wel ŉ datum.
- Daar is ŉ aanhef en ŉ slot, maar geen reëls word oopgelaat nie.
- Paragrafering is opsioneel.

■ **ONTLEDING VAN TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE**

Die vrae is só geformuleer dat ŉ persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die kandidaat verwag word. Verskillende kognitiewe vlakke, onderliggend aan die NKV, word hier in ag geneem.

| **VRAAG** | **TIPE SKRYFSTUK** | DENKVLAK |
|---|---|---|
| **3.1** | **Dagboekinskrywing** | **1** |
| **3.2** | **Instruksies** | **2** |
| **3.3** | **Poskaart** | **1** |

■ **ASSESSERING VAN MOEILIKHEIDSGRAAD VAN SKRYFWERK**

Verwys na **Opsomming van vrae in Vraestel 3: Voorbereidende eksamen 2009** (bl. 9).

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**

**KONTROLELYS VIR OPSTEL EN MODERERING**

| ALGEMENE NKV-BEGINSELS | VRAAGNOMMER | KOMMENTAAR |
|---|---|---|
| 1. Sosiale transformasie | Afdeling A, B en C | |
| 2. Uitkomsgebaseerde onderwys | Afdeling A, B en C | As uitvloeisel van UGO |
| 3. Hoë kennis/vaardigheid | Afdeling A, B en C | |
| 4. Integrasie | Afdeling A, B en C | |
| 5. Progresssie | Vlgs. NKV van gr. 10 – 11 | |
| 6. Artikulasie/oordraagbaarheid | Indien kandidaat voldoen aan vereistes | |
| 7. Menseregte/inklusiwiteit/ omgewings-/sosiale geregtigheid | Afdeling A, B en C | |
| 8. Waardering vir inheemse | Afdeling A, B en C | |
| 9. Geloofwaardigheid/kwaliteit/ doeltreffendheid | Afdeling A, B en C | |

| **Uitkomsgebaseerde onderwys: KRITIEKE UITKOMSTE** | **VRAAGNOMMER** | **KOMMENTAAR** |
|---|---|---|
| 1. Identifiseer/los probleme op | 1.2 1.5 1.4 1.5 1.6 2.1 2.2 3.2 | |
| 2. Werk doeltreffend in groep(e) | 1.2 1.5 1.6.1 1.6.2 2.1 3.2 | Uit UGO-ervaring |
| 3. Organiseer en bestuur die self | 1.1 1.3 1.4 1.5 1.6 2.2 3.1 3.3 | |
| 4. Inligting versamel, ontleed, organiseer en evalueer | Afdeling A, B en C | |
| 5. Kommunikeer doeltreffend | Afdeling A, B en C | |
| 6. Gebruik wet./tegn. doeltreffend | 1.5 1.6.2 2.4 3.2 | |
| 7. Die wêreld as sisteem: probleme nie in isolasie nie | 1.1 1.2 1.3 1.4 1.5 1.6 2.1 2.2 2.4 3.2 | Uitreik na ander |
| **Uitkomsgebaseerde onderwys: ONTWIKKELINGSUITKOMSTE** | **VRAAGNOMMER** | **KOMMENTAAR** |
| 1. Verskillende leerstrategieë | Afdeling A, B en C | |
| 2. Verantwoordelike burgerskap | 1.2 1.3 1.5 1.6.1 2.1 3.3 | |
| 3. Kultureel/esteties sensitief | 1.2 1.5 1.6.1 1.6.3 2.3 2.4 3.1 | |
| 4. Beroepsmoontlikhede | 1.2 1.3 1.6.3 2.3 2.4 3.3 | |
| 5. Entrepreneurskap | 2.3 | |

# OPSOMMING VAN VRAE IN VOORBEREIDENDE EKSAMEN VRAESTEL 3: 2009

| SKRYF | TIPE SKRYFSTUK | **LU 3**<br>Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en verskillende kontekste te gebruik. | ONDERWERP | AANBIEDING | UITDAGING | TOTAAL | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AFDELING A**<br><br>**VRAAG 1** | **OPSTEL** | **AS**<br>■ Beplan volgens doel, teikengroep en konteks.<br>■ Toon gebruik van skryf-strategieë.<br>■ Dink na oor, ontleed en evalueer, met inagneming van ander se sienings, eie werk en bied die finale produk aan. | | | | | | | |
| 1.1 | Al 6 tipes | | 1 | 2 | 1 | 4 | 1 | | |
| 1.2 | Al 6 tipes | | 3 | 2 | 3 | 8 | | | 3 |
| 1.3 | Al 6 tipes | | 2 | 2 | 2 | 6 | | 2 | |
| 1.4 | Al 6 tipes | | 1 | 2 | 1 | 4 | 1 | | |
| 1.5 | Al 6 tipes | | 3 | 2 | 3 | 8 | | | 3 |
| 1.6.1 | Al 6 tipes | | 2 | 2 | 2 | 6 | | 2 | |
| 1.6.2 | Verh./Beskr./Verkl. | | 2 | 2 | 2 | 6 | | 2 | |
| 1.6.3 | Al 6 tipes | | 2 | 2 | 2 | 6 | | 2 | |
| | | | | | | | | | |
| **AFDELING B**<br>**VRAAG 2** | **LANGER TRANSAK–SIONELE TEKSTE** | | | | | | | | |
| 2.1 | Verslag | | 3 | 2 | 3 | 8 | | | 3 |
| 2.2 | Diakoog | | 1 | 1 | 1 | 3 | 1 | | |
| 2.3 | Brosjure | | 3 | 3 | 2 | 8 | | | 3 |
| 2.4 | Resensie | | 2 | 2 | 2 | 6 | | 2 | |
| | | | | | | | | | |
| **AFDELING C**<br>**VRAAG 3** | TRANSAK–SIONELE, NASLAAN– EN INFORMATIEWE TEKSTE | | | | | | | | |
| 3.1 | Dagboekinskry-wing | | 1 | 2 | 1 | 4 | 1 | | |
| 3.2 | Instruksies | | 2 | 2 | 3 | 7 | | | 3 |
| 3.3 | Poskaart | | 1 | 2 | 1 | 4 | 1 | | |
| **15 onder-werpe/ keuses** | **12 tipes skryfstukke** | | | | | | 5 | 5 | 5 |

## AFDELING A: OPSTEL
## EERSTE ADDISIONELE TAAL

| 50 PUNTE | KODE 7 Uitmuntend 80-100% | KODE 6 Verdienstelik 70-79% | KODE 5 Beduidend 60-69% | KODE 4 Voldoende 50-59% | KODE 3 Matig 40-49% | KODE 2 Basies 30-39% | KODE 1 Ontoereikend 0-29% |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD EN BEPLANNING**<br><br>**32 PUNTE** | **26-32**<br><br>-Inhoud beïndruk leser met insig in onderwerp.<br>-Idees uitdagend en volwasse.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste opstel. | **22½-25½**<br><br>-Inhoud toon deeglike interpretasie van onderwerp.<br>-Idees interessant en verbeeldingryk.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot goedsaamgestelde, gepaste opstel. | **19½-22**<br><br>-Inhoud toon 'n goeie interpretasie van onderwerp.<br>-Idees interessant en oortuigend.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goeie, gepaste opstel. | **16-19**<br><br>-Inhoud is 'n voldoende interpre-tasie van onderwerp.<br>-Idees gewoon en diepte ontbreek.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende opstel/aanbieding. | **13-15½**<br><br>- Inhoud gewoon met leemtes in samehang.<br>- Idees meestal relevant; herhalend.<br>- Beplanning en/of eerste poging lei tot gemiddelde/redelik verstaanbare opstel. | **10-12½**<br><br>-Inhoud dikwels onverstaanbaar. Gebrek aan samehang.<br>-Idees is min en dikwels herhalend.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot opstel wat nie goed aangebied is nie. | **0-9½**<br><br>-Inhoud nie ter sake nie. Geen samehang nie.<br>-Idees herhaal.<br>-Beplanning en/of eerste poging ontbreek heeltemal. Swak opstel/ aanbieding. |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br><br>**12 PUNTE** | **10-12**<br><br>-Toon kritiese taalbewustheid.<br>-Effektiewe gebruik van taal en punktuasie. Maak van figuurlike taal gebruik.<br>-Woordkeuse hoogs toepaslik/ uitmuntend.<br>-Styl, toon en register is hoogs gepas.<br>-Opstel feitlik foutloos na proeflees en redigering. | **8½-9½**<br><br>-Toon kritiese taalbewustheid.<br>-Korrekte gebruik van taal en punktuasie. Kan figuurlike taal gebruik in korrekte konteks.<br>-'n Variasie in woordkeuse en word korrek gebruik.<br>-Styl, toon en register is toepaslik vir die onderwerp.<br>-Opstel meestal foutloos na proeflees en redigering. | **7½-8**<br><br>-Daar is bewyse van kritiese taalbewust-heid.<br>-Taal en punktuasie: meestal korrek.<br>-Woordkeuse is gepas vir opstel.<br>-Styl, toon en register is meestal toepaslik vir die onderwerp.<br>-Opstel oor die algemeen foutloos na proeflees en redigering. | **6-7**<br><br>-'n Aanduiding van kritiese taalbewust-heid.<br>-Taal baie eenvoudig en punktuasie voldoende.<br>-Woordkeuse voldoende.<br>-Styl, toon en register oor die algemeen in ooreenstemming met vereistes vir die onderwerp.<br>-Opstel het steeds foute na proeflees en redigering. | **5-5½**<br><br>-Beperkte kritiese taalbewustheid.<br>-Taal gewoon en punktuasie dikwels foutiewelik gebruik.<br>-Woordkeuse basies.<br>-Styl, toon en register toon gebrek aan samehang.<br>-Opstel het steeds baie foute na proeflees en redigering. | **4**<br><br>-Geen kritiese taalbewustheid.<br>-Gebrekkige taal en punktuasie.<br>-Woordkeuse beperk.<br>-Styl, toon en register gebrekkig.<br>-Opstel is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. | **0-3½**<br><br>-Geen kritiese taalbewustheid.<br>-Ernstige gebrek aan taal en punktuasie.<br>-Woordkeuse ontoepaslik.<br>-Styl, toon en register is baie gebrekkig.<br>-Opstel is besaai met foute en verwarrend ten spyte van proeflees en redigering. |

| | 5-6 | 4½ | 4 | 3 | 2½ | 2 | 0-1½ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **STRUKTUUR**<br><br>**6 PUNTE** | -Ontwikkeling van onderwerp samehangend met verbeeldingryke detail.<br>-Sinne en paragrawe samehangend saamgestel.<br>-Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | -Ontwikkeling van onderwerp samehangend en logiese ontwikkeling van detail.<br>-'n Verskeidenheid tipes sinne en paragrawe skakel logies.<br>-Lengte is korrek. | -Ontwikkeling van onderwerp is samehangend met verbeeldingryke detail.<br>-Sinne en paragrafering: samehangend, goed gekonstrueer/ saamgestel.<br>-Lengte is korrek | -Onderwerp bevat sommige idees; noodsaaklike detail egter ingesluit.<br>-Sinskonstruksie en paragrafering mag foute bevat, maar opstel maak nog sin.<br>-Lengte is amper korrek. | -Daar is bewyse van ontwikkeling van sommige noodsaak-like idees.<br>-Sinskonstruksie en paragrafering foutief, maar idees is verstaanbaar.<br>-Lengte is te kort/ te lank. | -Dwaal soms van die onderwerp af; algemene gedagte-gang moeilik om te volg.<br>-Sinskonstruksie en paragrafering baie elementêr saamgestel.<br>-Lengte is te kort/ te lank. | -Afgedwaal van die onderwerp.<br>-Sinskonstruksie en paragrafering: deurmekaar en ondeurdag.<br>-Lengte is heeltemal te kort/te lank. |

# AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS
## EERSTE ADDISIONELE TAAL

| 30 PUNTE | KODE 7 Uitmuntend 80-100% | KODE 6 Verdienstelik 70-79% | KODE 5 Beduidend 60-69% | KODE 4 Voldoende 50-59% | KODE 3 Matig 40-49% | KODE 2 Basies 30-39% | KODE 1 Ontoereikend 0-29% |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT**<br><br>**20 PUNTE** | **16-20**<br>- Gespesialiseerde kennis van vereiste van teks.<br>- Gedissiplineerde skryfwerk, behou deurgaans algehele fokus; geen afwykings nie.<br>- Teks, algeheel samehangend; alle detail ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks.<br>- Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ uitmuntend. | **14-15½**<br>- Goeie kennis van vereistes van teks.<br>- Gedissiplineerde skryfwerk, behou fokus; byna geen afwykings nie.<br>- Inhoud en idees samehangend,alle detail ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goedsaamgestelde, gepaste teks.<br>- Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ verdienstelik. | **12-13½**<br>- Redelike kennis van vereistes van teks.<br>- Behou fokus, onbenullige afwykings.<br>- Inhoud en idees samehangend en detail ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks.<br>- Die meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ beduidend. | **10-11½**<br>- Voldoende kennis van vereistes van teks.<br>- Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorhoofse betekenis nie.<br>- Inhoud en idees voldoende samehangend; sommige van die detail ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks.<br>- Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende. | **8-9½**<br>- 'n Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon oppervlakkige fokus.<br>- Wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek vaag.<br>- Inhoud en idees gemiddeld samehangend; basiese detail ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gemiddelde/redelik, verstaanbare teks.<br>- Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld; kritiese, nalatige foute is begaan. | **6-7½**<br>- 'n Elementêre kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus.<br>- Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek verwarrend.<br>- Inhoud en idees omtrent nie samehangend; min detail ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging gebrekkig; teks nie goed aangebied nie.<br>- Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag. | **0-5½**<br>- Geen kennis van vereistes van teks nie.<br>- Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek verwarrend.<br>- Inhoud en idees is nie samehangend nie te min detail ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging afwesig/nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks.<br>- Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie. |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br><br>**10 PUNTE** | 8-10<br>- Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel.<br>- Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>- Styl, toon en register baie toepaslik.<br>- Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering.<br>- Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | 7- 7½<br>- Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel.<br>- Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>- Styl, toon en register meestal toepaslik.<br>-Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering.<br>-Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | 6-6½<br>- Teks is grammatikaal maklik om te lees; sinne is goed saamgestel.<br>- Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>- Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik.<br>- Teks meestal foutloos na proeflees en redigering.<br>- Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | 5-5½<br>- Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute.<br>- Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>- Styl, toon en register voldoende.<br>- Teks het steeds foute na proeflees en redigering.<br>- Lengte is amper korrek. | 4-4½<br>- Teks is basies saamgestel. Verskeie foute.<br>- Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks nie.<br>- Styl, toon en register toon gebreke.<br>- Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering.<br>- Lengte is te kort/te lank. | 3-3½<br>- Teks is swak en moeilik om te volg.<br>- Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie.<br>- Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie.<br>- Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering.<br>- Lengte is te kort/te lank. | 0- 2½<br>- Teks is swak saamgestel en verwarrend.<br>- Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks nie.<br>- Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie.<br>- Opstel is besaai met foute en verwarrend ten spyte van proeflees en redigering.<br>- Lengte is heeltemal te kort/te lank. |

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS
## EERSTE ADDISIONELE TAAL

| 20 PUNTE | KODE 7 Uitmuntend 80-100% | KODE 6 Verdienstelik 70-79% | KODE 5: Beduidend 60-69% | KODE 4 Voldoende 50-59% | KODE 3 Matig 40-49% | KODE 2 Basies 30-39% | KODE 1 Ontoereikend 0-29% |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT**<br><br>**13 PUNTE** | **10½-13**<br>-Gespesialiseerde kennis van vereistes van teks.<br>-Gedissiplineerde skryfwerk; behou deurgaans algehele fokus, geen afwykings.<br>-Inhoud en idees algeheel samehangend; alle detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks.<br>-Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ uitmuntend. | **9½-10**<br>- Goeie kennis van vereistes van teks.<br>- Gedissiplineerde skryfwerk; behou fokus; byna geen afwykings nie.<br>- Inhoud en idees: samehangend; alle detail ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks.<br>- Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/verdienstelik. | **8-9**<br>- Redelike kennis van vereistes van teks.<br>- Behou fokus; onbenullige afwykings.<br>- Inhoud en idees samehangend; details ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks.<br>- Meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/beduidend. | **6½-7½**<br>- Voldoende kennis van vereistes van teks.<br>- Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die betekenis nie.<br>- Inhoud en idees voldoende samehangend; sommige van die detail ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks.<br>- Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende. | **5½-6**<br>- Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n oppervlakkige fokus.<br>- Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek vaag.<br>- Inhoud en idees gemiddeld samehangend; basiese detail ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gemiddelde/redelike, verstaanbare teks.<br>- Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld. Kritiese, nalatige foute is begaan. | **4-5**<br>- Elementêre kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus.<br>- Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek verwarrend.<br>- Inhoud en idees min samehangend; min detail ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging gebrekkig. Teks nie goed aangebied nie.<br>- Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag. | **0-3½**<br>- Geen kennis van vereistes van teks nie.<br>- Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek verwarrend.<br>- Inhoud en idees nie samehangend nie; te min detail ondersteun die onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks.<br>- Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie. |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br><br>**7 PUNTE** | **6-7**<br>- Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel.<br>- Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>- Styl, toon en register baie toepaslik.<br>- Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering.<br>- Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | **5-5½**<br>- Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel.<br>- Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>- Styl, toon en register meestal toepaslik.<br>- Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering.<br>- Lengte is in ooreen-stemming met vereistes. | **4½**<br>- Teks is grammatikaal maklik om te lees; sinne is goed saamgestel.<br>- Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>- Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik.<br>- Teks meestal foutloos na proeflees en redigering.<br>- Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | **3½-4**<br>- Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute.<br>- Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>- Styl, toon en register voldoende.<br>- Teks het steeds foute na proeflees en redigering.<br>- Lengte is amper korrek. | **3**<br>- Teks is basies saamgestel. Verskeie foute.<br>- Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks nie.<br>- Styl, toon en register toon gebreke.<br>- Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering.<br>- Lengte is te kort/te lank. | **2½**<br>- Teks is swak en moeilik om te volg.<br>- Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie.<br>- Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie.<br>- Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering.<br>- Lengte is te kort/te lank. | **0- 2**<br>- Teks is swak saamgestel en verwarrend.<br>- Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks nie.<br>- Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie.<br>- Opstel is besaai met foute en verwarrend ten spyte van proeflees en redigering.<br>- Lengte is heeltemal te kort/te lank. |